# Ontwaak Strokies




## So is die lewe maar

Janette van der Vyver

# Ontwaak Strokies


## So is die lewe maar

©Janette van der Vyver


O, wat 'n tragedie!
Nooit! Wat's fout?
Ag, my melk is klaar.
Is dit al?
Ja, ek het dit by die koerante geleer. Skryf 'n sensasionele opskrif dan sal almal die vervelige storie wat daaronder staan lees.
© Janette Jun 2009


Wat is jou nuwejaars-voorneme?
Ek voorneem om hierdie jaar meer as 'n miljoen te wen met die lotto.
Hoe gaan jy dit regkry?
Jong ek weet nie, na Desember het ek nie eers genoeg geld oor vir 'n lotto-kaartjie nie!
© Janette Jan 2009



Wat dink julle gaan verander in die nuwe jaar?
Wel ek weet van 2 goed wat gaan verander.
Wat?
Die kalender verander en almal word 'n jaar ouer.
Ja, en hoe jonger jy is, hoe meer opgewonde is jy daaroor!
© Janette Jan 2009


My nuwejaars-voorneme is om minder televisie te kyk.
Ek wil meer oefening doen.
Wat is joune Oom Uil?
Nee, ek hou nog myne van 'n paar jaar terug.
Wat was dit?
© Janette Jan 2009
Om nie nuwejaars-voornemens te maak nie!



Hoekom staan jy op jou kop?
Dit is een van my nuwejaars-voornemens.
Om op jou kop te staan?
Om anders na my wêreld te kyk. Nou kyk ek maar na my wêreld onderstebo en hoop ek sien iets raak wat ek nog nie raakgesien het nie.
© Janette Jan 2009
Werk dit?
Ja, sovêr kan ek sien dat die mat nie baie skoon is nie.



Ons sal ook 'n seks-video moet uitreik.
Haai sies, hoekom wil jy so iets doen?
Hoe anders gaan ons so bekend word dat almal van ons weet en van ons praat?
© Janette Mrt 2009



Wat moet al die mense wat nie verlief is nie doen op Valentynsdag.
Hopelik dit nie aan hulle gades meedeel nie.
© Janette Feb 2009



Ek voel jammer vir mans op Valentynsdag.
Waaroor?
As hy vir sy beminde 'n boks sjokolade koop en sy is op dieet gaan hulle die blaam kry vir die vet word.
As hy nie vir haar sjokolade koop nie gaan sy glo dit is omdat hy dink dat sy vet is.
En as hy dit wel koop en die beminde hou nie van sjokolade nie dan gaan hy beslis vanaand buite slaap!
© Janette Feb 2009


Die winkels hoop om baie geld te maak uit die "ek is lief vir jou dag".
Ja, maar ek weet hoe hulle meer geld kan maak?
Hoe?
Met al die egskeidings dink ek dat hulle baie meer klante sal hê as hulle 'n "ek haat jou dag" skep.
© Janette Feb 2009



Daar is 'n nuwe webwerf wat jou sal help besluite neem.
Seker net vir ongetroude mense.
Nee, dit is vir almal.
Jong as jy getroud is sê liefie vir jou wat jy volgende moet doen nog voor jy heeltemal wakker is!
© Janette Jun 2009


Ek moet 'n fantastiese gimnas wees.
Hoekom?
Ek word met soveel pyne en skete wakker ek is seker dat ek die mees fantastiese oefeninge doen terwyl ek slaap.
© Janette Feb 2009



Waarna soek jy?
Na iemand anders.
Wie is dit?
Ek weet nie dis dié dat ek soek.
Elke keer as iets gedoen moet word by ons kompleks sê die mense – ag iemand anders sal dit doen.
© Janette Jul 2009



Wat doen jy?
Ek trek my matte oor met plastiek.
Waarom?
Dan hoef ek hulle nie meer elke week te stofsuig nie.
© Janette Mrt 2009


Sommige families is so besig dat hulle nie vir mekaar tyd het nie.
Ja, die ouers werk lang ure en is so betrokke met allerlei goed oor die naweke dat hulle nie tyd het om met hulle kinders te spandeer nie.
Hulle jaag altyd meer geld, 'n beter kar, 'n groter huis. Asof dit al is wat saak maak.
© Janette Jun 2008

**Vervolg...**


En twintig jaar later sit die ouers alleen in 'n kamertjie iewers.
En die kinders is te besig om geld te maak en allerlei funksies by te woon om te kom kuier.
Snaaks wat kinders alles van hulle ouers af leer, nè?
© Janette Jun 2008


Toe ek klein was wou ek vir my Ma ontbyt in die bed maak maar ek het nie 'n wekker gehad nie.
Het jy dit toe gelos?
Nee, ek het die hele nag wakker gebly en vir haar ses uur gaan ontbyt gee.
Waarom so vroeg?
Ek kon nie langer wakker bly nie!
© Janette Mei 2008


Dink jy baie tieners gaan op Moedersdag vir hulle Ma's ontbyt in bed bring.
Sekerlik ja.
Werklik?
Ja, solank die Ma's bereid is om tot so 10, 11 uur in die bed te bly!
© Janette Mei 2009



Restaurante gaan Sondag baie vol wees. Weet jy hoekom?
Ja, dit is Moedersdag en almal wil hulle Ma's bederf.
Nee, dit is omdat meeste Pa's nie kan kook of agter hulself opruim nie!
© Janette Mei 2008


Baie Ma's is alleen op Moedersdag omdat hulle kinders nou oorsee woon.
Ja dit is hartseer wanneer die kleinspan groot is en wegtrek.
Ek dink ons moet eerder die tieners Australië toe stuur en dan kan hulle terugkom as hulle mooi groot is.
© Janette Mei 2008


Ek dink nie my Ma het my vergewe vir my tienerdae se Rock-musiek nie.
Wat laat jou so dink?
Sy't vir my kinders 'n drom; 'n viool en 'n trompet gekoop.
© Janette Mei 2008


Hoekom lyk jy so snaaks?
Ek het my gesig getrek en toe slaat die klok 12 uur.
Maar dit is net 'n ou-vrou storie!
Behalwe as die ou vrou naby genoeg is om vir jou 'n taai klap te gee.
© Janette Mei 2008


Die kinders gaan eersdaags terug skool toe.
Dit is altyd moeilik vir die Pa's wanneer hulle kinders skool begin en die juffrou leer ken.
Waarom?
Dit is wanneer hulle ophou om elke sin te begin met, "My Pa sê ..." of "My Pa weet alles."
Wat sê hulle dan?
"My juffrou sê ... en my juffrou weet alles."
© Janette Jun 2008



Nou is al die kinders weer terug skooltoe.
Ja, dit hou hulle besig maar dit leer hulle nie die regte goed nie.
Hoe so?
Nee, kyk byvoorbeeld die seuns. Hulle slaag matriek maar kan nog steeds nie agter hulself skoonmaak of kos kook nie.
© Janette Jan 2009



In die goeie ou dae kon ouers nie wag vir hulle kinders om skool klaar te maak nie.
Waarom?
Want dan het die kinders uitgetrek en die ouers alleen gelaat.
En nou?
Nou kan die ouers nie wag om na 'n aftree- oord te gaan nie sodat hulle uiteindelik alleen kan woon.
© Janette Aug 2009



Dis lekker om 'n kind te wees.
Ja, gaan vra vir Pa ekstra sakgeld sodat jy vir Pa 'n Vadersdag geskenk kan koop.
En dan?
Dan gebruik jy net helfte van die geld op die geskenk en koop vir jouself iets met die ander helfte.
© Janette Jun 2009


Dink jy die Pa's het vir Vadersdag iets gekry wat hulle werklik wil hê?
Nee, ek dink dit is redelik onmoontlik.
Wat die Pa's werklik wil hê is 'n video wat hulle tiener dogters en vrouens se nukke en buie verduidelik.
Ja, of ten minste 'n kalender wat die dae aandui sodat hulle kan wegkruip.
© Janette Jun 2009


Hulle beweer dat vrouens trou met mans wat baie soos hulle Pa's is.
Ja, en dan gee hulle geboorte aan seuns wat ook baie soos hulle Pa's is.
En dan raas die vrouens heeldag met die seuns omdat hulle nes hulle Pa is!
© Janette Jun 2008


Pa's behoort agteruit te verouder en kinders vorentoe.
Hoe sou dit werk?
As die Pa's elke jaar jonger word en die kinders elke jaar ouer dan sal hulle op dieselfde tydstip tieners wees.
En dit is hulle enigste kans om mekaar te verstaan.
© Janette Jun 2008


Nou dat Moedersdag in Meimaand en Vadersdag in Juniemaand lank verby is dink ek ons moet 'n kuier-weer dag beplan.
Wat is dit?
Gaan kuier weer vir die oumense wat jy laas by 'n ouetehuis afgelaai het en van vergeet het.
© Janette Jun 2008


Wat is fout?
Ek dink ons moet al die vakansiedae in April versamel en so 'n paar vir Julie en Augustus uitdeel.
Haai nooit. Dit is Afrika dié. Ons kan net nuwes uitdink vir daardie maande!
© Janette Apr 2009



Die Ierse het hulle St. Patrick's dag en die Amerikaners het 'n heelparty dae wat wêreldwyd bekend is, maar ons het niks nie.
Ek weet, ons kan 'n Afrika-tyd dag hou.
En dan?
Dan gee ons vir mekaar sjokolade horlosies.
Ja en dan daag almal twee ure laat op vir hulle afsprake.
© Janette Mrt 2009



Ek gaan vir my helder geel of pienk matte laat insit.
Is dit omdat jy so baie terugverlang na die 1980s?
Nee my huidige matte is dieselfde kleur as die goggas.
Nou ja, spuit gif op enige iets wat beweeg of anders lyk.
Ja presies. Weet jy al hoeveel los stukkies garing en klossies hare het ek al doodgespuit?
© Janette Mei 2008


Mense wat tuinmaak plant altyd te min.
Te min wat?
Te min vir die slakke en voëls om ook 'n happie in te kry.
© Janette Mei 2008


Ek gaan binnekort 'n groter huis hê.
Trek jy?
Nee, my huis gaan groter word.
Bou jy aan?
Nee, die goggas is besig om die gedeelde muur tussen my huis en my bure s'n op te eet.
© Janette Mei 2008


Kry vir jou 'n troeteldier wat goggas sal vang.
Ek het vir my 'n hondjie gekry.
Sy's nog banger vir die goggas as ek!
En?
© Janette Mei 2008


Die voëls by my is baie slim. Hulle weet presies wat 'n heining beteken.
Bedoel jy as iets omhein is dan weet hulle om daaruit te bly?
Nee, hulle besef die heining hou die blaffende hondjies aan die ander kant en eet maar rustig voort.
© Janette Mei 2008


Het jy gesien dat bure soms met mekaar oor die heining gesels?
Ja, so nou en dan.
Maar elke keer as die hondjies dit doen dan skreeu almal, "Julle raas, bly stil!"
© Janette Jun 2008


Hoekom is jy so hartseer?
Ek wil 'n hondjie hê maar my Ma sê nee.
O dis maklik, vra vir nog 'n boetie of sussie.
En dan?
Gewoonlik is dit die maklikste manier om 'n hondjie of katjie te kry.
© Janette Mei 2009



Daar is mense wat baie tyd spandeer om hulle hondjies toertjies te leer.
Ja, daardie hondjies is baie oulik.
Ek dink meer mense moet dit doen.
Vir hulle hondjies toertjies leer?
Nee, eerder vir hulle kinders toertjies leer soos stilsit, luister en gehoorsaam wees.
© Janette Des 2008


Ek het 'n program gesien op televisie waar hulle honde aanhou wat nie huise het nie.
Kyk hulle mooi na die honde?
Ja, baie mooi. Elke hond het 'n halsbandjie aan volgens sy persoonlikheid, bv. rooi vir aggressief en blou vir vriendelik ens.
Dit is 'n slim plan.
Ja, dink net hoe ideaal dit sou wees as ons dit met mense kon doen.
© Janette Des 2008


Ek het 'n manier ontdek om uiteindelik geld te maak uit my ellende.
Watter ellende?
Die krieke wat die hele nag deur lawaai.
Wat gaan jy doen?
Ek gaan hulle in sjokolade omhul en hulle verkoop as die nuutste smaaksensasie.
© Janette Okt 2009


Ek het gehoor dat die krieke se roep nie noodwendig 'n paringsroep is nie.
Wat is dit dan anders?
Maar net 'n manier van kommunikasie.
Dan is die klomp by my verskriklike babbelbekke.
© Janette Mei 2008



Dit is gelukkig nou herfs. Die krieke behoort stil te word.
Toe nie.
Maar dit is te koud vir hulle.
Hulle het ontdek dit is lekker warm binne my huis.
© Janette Mei 2008



My hare vier ook herfs.
Hoe so?
Hulle val een vir een uit nes herfsblare.
© Janette Mrt 2009



Ek het gehoop vir 'n bietjie wind om die herfsblare weg te waai.
En?
Vir die laaste 2 dae het ons niks behalwe wind hier in Gauteng nie!
Is die herfsblare ten minste minder?
Nee, ongelukkig het die laaste paar wat nog bly klou het, nou ook op die grond beland.
© Janette Jun 2009



Dit word nou koel in die aande.
Ja, winter is amper hier.
Ek het 'n plan om winter vir nog 'n paar weke weg te hou.
Hoe?
Gewoonlik word dit weer warm sodra almal hulle somer klere weg gepak het en winterlakens opgesit het.
© Janette Apr 2009


Die weer was onlangs baie grys en donker.
Koud ook. Dit word nou vinnig winter.
En nou trek al die mense winter klere van swart, grys en bruin aan.
Ja, niks helder of bont nie.
En dan wonder almal hoekom hulle in winter so terneergedruk word.
© Janette Jun 2008



Ons het laas week die eerste geure van winter beleef.
Winter? Winter het nie 'n geur nie!
Natuurlik het dit. Ruik net.
Ek ruik net veldbrande.
Ja, presies.
© Janette Jun 2009


Die mense wat vir Woolies in die kosafdeling werk het elke dag winter.
Ek stem saam. Die winkels is baie koud.
Ons kan 'n besigheid begin. Jasse by die deur verhuur, R5 'n uur.
© Janette Jun 2008
Ja dan kan almal rustig en warm hulle kos koop.



Hier's ek – uiteindelik.
Jy's te laat.
Nee, kan nie wees nie!
Ja, man. Dis nou lente, winter is verby.
Ag nooit! Maar dit het nog nie in Gauteng gesneeu nie!
© Janette Sep 2009


Wat op aarde doen jy?
Ek trippel van vreugde.
Is jy so bly dit is jou Verjaarsdag?
Nee, ek kan net nie stil sit nie.
Ek al die sjokolade wat ek vir my verjaarsdag gekry het opeens opgeëet.
© Janette Apr 2008



Daar is glo genoeg kos in die wêreld vir almal, dit is net oneweredig versprei.
Ja ons het 'n straler nodig soos hulle op "Startrek" gebruik het.
En dan?
10 Minute voor jou kos afgaan kan jou yskas dit straal aan iemand wat honger is.
© Janette Feb 2009


Kyk jy na al die kookprogramme op TV?
Nee, ek eet gewoonlik my kos rou.
Ek ook. Maar kyk nou na die mense.
Wat is nou fout?
© Janette Okt 2008


Vervolg...


Wel eers moes hulle ure spandeer om die kos te jag. Toe leer hulle om die diere te hok sodat hulle vinnig en maklik kos kan kry.
Ja, dit spaar hulle baie tyd.
Toe nie! Nou spandeer hulle weer soveel ure om die kos smaaklik en aantreklik voor te berei dat hulle nog steeds net so lank vat voor hulle kan eet.
© Janette Okt 2008



Sommige mense lewe net van wegneem etes.
Ja, dit is beslis die naam wegneem werd.
Omdat jy die kos wegneem?
Ja en ook jou figuur, jou gesondheid en jou geld.
© Janette Apr 2008


Ek het nou die dag 'n wurm in my graankos gekry.
Ja, dit is die nuutste gier.
Sowaar?
Ja, wriemel-graankos. 'n Vriendelike gesiggie in elke happie.
© Janette Apr 2008



Ek het 'n e-pos ontvang wat sê ek moet my gunsteling resep aanstuur.
Soda
Wat het jy toe vir hulle gestuur?
Soda
Die adres van my naaste Woolies.
© Janette Apr 2008


Wanneer iemand driftig voel omtrent iets dan sê almal hulle moet aanhou.
Ja en alles los en dit waaroor hulle so geesdriftig is navolg.
Ja en dan sal jy glo sukses bereik omdat jy geesdriftig is.
Maar daar is een baie groot uitsondering.
Wat is dit?
© Janette Nov 2008

**Vervolg...**


Kos.
O nee, al die sjefs is baie geesdriftig oor kos.
Nee, kos eet. Wanneer mense geesdriftig is oor eet of drink sê almal, hou op, matigheid voor die oog, moenie so baie eet nie.
© Janette Nov 2008



Hoekom is jy so maer?
Ek het op 'n dieet gegaan om 5kg te verloor.
Waarom?
Die tydskrif het gesê ons kan almal bekostig om 5kg te verloor vir die somer.
Hulle het bedoel net as jy die gewig tydens winter opgetel het.
O! Hulle het dit nie gesê nie!
© Janette Okt 2008


Ons het soveel antiseptiese en antibakteriese middels op die mark.
Ja, die vervaardigers wil hê ons moet blinkskoon en kiemvry wees.
Dink jy die wetenskaplikes sal 'n nuwe organisasie stig?
Waarvoor?
Om die kieme te red!
© Janette Des 2008



Laas week in 'n winkel was die een oom so ongeduldig hy't die winkel vanaf sy selfoon gebel om te kla hy staan te lank in die ry.
Het dit gewerk?
Nee, want toe moes die assistente ophou om almal in die tou te help om eers die foon te gaan antwoord.
© Janette Jan 2009



Die jongste neiging is om kinders aan 'n paar tale bekend te stel as hulle baie jonk is.
Ja, ouers wil hê hulle kinders moet op 'n natuurlike manier 2 of 3 tale leer praat.
As ek eendag 'n kind het sal ek hom net heeldag met my rekenaar laat praat.
© Janette Jan 2009


Enige iets interessants?
Ek kyk na die nuwe patente om te sien of iemand al iets uitgevind het wat my sal help.
Soos wat?
Soos skottelgoed wat hulself was, of huise wat hulself skoonmaak en veral klere wat hulself kan stryk.
© Janette Nov 2008



Het jy gesien hierdie webwerwe waar as jy nie van iemand hou nie jy hulle naam kan gaan beswadder?
Ja, moenie met Jannie of Sannie uitgaan nie, hulle is slegte mense.
Dit sal dalk egskeidings verhoed.
Hoe?
Wel as Sannie vertel hoe sleg Jannie is en Jannie vertel hoe sleg Sannie is, dan sal niemand ooit weer met Jannie of Sannie uitgaan nie en dan moet hulle maar met mekaar bly uitgaan.
© Janette Okt 2008


Gesels jy alweer met vreemdelinge wat jy nog nooit ontmoet het nie?
Ek het nou al 25 kuber-maatjies en hulle is almal goeie vriende.
Werklik? En hoeveel van hulle gaan kom help inpak wanneer jy trek?
© Janette Okt 2008


Ek kan met my selfoon na die radio luister.
Myne kan enige musiek speel, nie net die radio nie.
Myne het 'n kamera en ek kan die foto's na die tyd op my rekenaar aflaai.
Myne het ook 'n sleutelbord waarmee ek blitsvinnig boodskappe kan tik.
© Janette Nov 2008
En joune, oom Uil?
Iets wonderliks. Jy druk 'n knoppie en dan lui dit by die ander persoon en dan antwoord hulle en dan gesels jy rustig met hulle net soos in die ou dae.


Het jy al die geselskap en verhoudings webwerwe gesien.
Ja, ek verstaan nie hoe mense hulle ouderdomsbeperkings bepaal nie.
O dit is maklik. As jy 'n vrou is, kies jy so 5 jaar vanaf jou eie ouderdom in elke rigting.
En as jy 'n man is?
Dan vat jy jou skoengrote as die jongste ouderdom en jou IK vir die oudste.
© Janette Apr 2009


My selfoon se battery is nou weer vol gelaai.
Ek wens ek kon dit ook doen.
Maar jy kan mos, prop net jou foon in.
Nee, ek wil wanneer ek pap voel myself vir 'n uur of twee inprop en dan weer vol energie wees.
© Janette Jun 2009



Is dit te laat om ons groot vyf diere op te lei om sokker te speel?
Dis vêr te gevaarlik.
Waarom?
Eerste noot vanaf 'n Vuvuzela en die olifant vlieg die stadium in en trap die toeskouers plat.
© Janette Jan 2010


Het jy Nelson Mandela se konsert gesien?
Die een in Londen, ja ek dit op TV gekyk.
Het al jy die SA vlaggies gesien?
Ja, daar was heelparty trots Suid-Afrikaners daar.
Ja, trots genoeg om die vlaggie te waai, maar nie trots genoeg om weer hier te kom bly nie!
© Janette Jun 2008


Het jy die fliek gesien met die groen masker?
Nee, vertel.
Sit die masker op en wie jy werklik is kom te voorskyn.
O, ons het ook so iets. Plaas net die persoon agter 'n stuurwiel.
© Janette Mrt 2009


Het jy al die padwerke gesien?
Ja, daar is op die oomblik ongelooflik baie. Seker maar vir 2010 sokker.
Ja maar ek dink iemand moet vir hulle sê 'n mens speel sokker in 'n stadium nie op ons paaie nie.
© Janette Mrt 2009


Op die nuus was 'n klein karretjie wat net groot genoeg is vir een mens.
Dit sal help om die verkeer op ons paaie te verlig.
© Janette Feb 2009
Ja, totdat die eerste Taxi of 4x4 oor jou ry.



Ek was by die motorvoertuig-lisensiekantoor.
Het jy 'n tent en 'n slaapsak saamgevat?
Omtrent. Ek dink dit is hoekom almal so sleg bestuur.
Waarom?
Ons het al ons geduld opgebruik in die toue om ons lisensies te bekom, nou't ons niks meer oor vir die paaie nie.
© Janette Mrt 2009



Ek het 'n "GPS" nodig.
Wat is dit?
'n Elektronies padkaart. Dit sê en wys jou in watter rigting om te ry.
O, vir jou kar?
Nee, ek het een nodig vir my lewe. Ek is rigtingloos!
© Janette Okt 2008



Dink jy met al die padwerke gaan die mense hulle vakansie- bestemmings bereik.
Nee, hulle sal maar langs die pad moet kampeer en foto's neem.
Foto's?
Ja, dan in 2020 kan ons vir die kinders wys dat die huidige padwerke reeds in 2009 begin het.
© Janette Mrt 2009


Ek was nou die dag heel verbaas oor my kar.
Wat het gebeur?
Ek het ontdek my derde, vierde en vyfde ratte werk nog op die hoofweg al kon ek hulle jare laas gebruik.
Sjoe, wanneer was dit?
Sondag, dit was so 1 uur in die oggend.
© Janette Nov 2009



Ek het 'n nuwe speletjie wat ons in Gauteng kan speel.
Wat is dit?
Vind asseblief 'n nasionale pad of hoofweg sonder padwerke en neem 'n foto daarvan, want niemand gaan jou glo nie.
Sal nie help nie, niemand sal jou steeds glo nie.
© Janette Nov 2009
Waarom nie?
Hulle sal dink jy't die foto óf tien jaar terug geneem óf gedokter.



Het jy die nuus gesien dat van die plaaslike vliegtuie die opstyg-vlieg-land ding nie so lekker regkry nie?
Ja, ek dink die mense in beheer doen dit verkeerd om.
© Janette Des 2009
Hoe so?
Hulle spandeer ure en geld om die passasiers te ondersoek en vergeet skoon van die vliegtuie.



Die Franse sê hulle gaan al hul VVV rekords vrystel.
Wat is 'n VVV?
Vreemde Vlieënde Voorwerpe.
O, jy bedoel Engels-sprekendes?
Nee, hulle moet vreemd en vlieënd wees, nie net vreemd nie.
Mary Poppins?
© Janette Mei 2008


In Sjina het 9 mense foto's geneem van 'n Vreemde Vlieënde Voertuig.
Ek sien nie waaroor die bohaai is nie.
Dit is dan so 'n rare verskynsel.
Né? Hulle kan net op die hoofweg tussen Johannesburg en Pretoria gaan staan – veral naweke en na 7nm – baie vreemde vlieënde voertuie daar.
© Janette Sep 2009



Daar is mense wat beweer hulle is deur vreemde wesens opgeraap en ondersoek.
Ja, die vreemde wesens vis seker nes ons.
Vis?
Ja, hak hom, trek hom uit, bekyk hom en gooi hom terug.
© Janette Mei 2008



Hoe dink jy sal die vreemde wesens lyk as hulle ons eendag ontmoet?
Vreesbevange.
Werklik?
Ja, dink jy dalk ons is vredeliewende nasies?
© Janette Mei 2008



Ek kan nie wag vir Winter sodat die krieke ophou raas nie. Hulle maak my mal.
Dink jy hulle getjirp is vir hulle mooi?
Jong ek dink die krieke is soos die 'Idols' oudisies. Die persoon klink baie mooi vir homself en sy Ma maar die res van ons gryp gou na die demp knoppie.
© Janette Mrt 2009



Het jy gehoor hulle hou weer oudisies vir 'Idols'. Dink jy ek moet deelneem?
Kan jy sing?
Glad nie.
Wat wil jy dan daar gaan maak? Jy moet mos kan sing.
O, is dit 'n vereiste? Haai jong ek dink hulle het vergeet om dit vir meeste van die deelnemers te sê.
© Janette Jan 2009


Stem jy vir die 'Idols' deelnemers?
Nee, ek het opgegee.
Waarom?
Ek stem al jare lank vir Randal af, maar elke week is hy maar weer daar.
© Janette Mrt 2009


Waarvoor kollekteer jy?
Vir die 'Idol' deelnemers vriende, familie en ondersteuners.
Hoekom?
Nee kyk as 'Idols' 1.8 miljoen stemme gekry het teen R2 'n stem, is daar nou 'n hele klomp arm mense in hierdie land!
© Janette Mei 2009


Ek dink in die 'Idols' kompetisie moet hulle meer prysgeld gee vir die wenner van die hout beeldjie wat die slegste gesing het as die algehele wenner.
Waarvoor?
Om vir die arme persoon se terapie te betaal om weer sy selfbeeld op te bou.
© Janette Mrt 2009



Kyk jy na hierdie kompetisies op televisie waar hulle mense een vir een afstem?
Ja, soms, maar meeste van die tyd stry die mense net.
Ek kry soms die idee dat die planeet ook so werk.
Hoe?
Ons word almal een vir een afgestem.
© Janette Des 2008


Dink jy mense besef dat hulle besluite agterstevoor maak?
Nooit, hoe doen hulle dit?
Hulle neem twee weke om oor iets te besluit en dit moet dadelik gebeur omdat dit nou laat is i.p.v. dadelik te besluit en dan 2 weke te hê om dit deur te voer.
© Janette Aug 2009


Hier is vir jou 'n sjokolade eier.
Haai foeitog, so 'n klein eiertjie.
Ja, ek moes Switserse sjokolade met die SA Rand koop.
© Janette Apr 2009


Ek was vanoggend by die winkels.
Was dit lekker vol?
Nee, daar was hope parkering en geen toue nie.
Maar dit is maandeinde, wat het van al die mense geword?
Jong, of ons ekonomie is werklik erger as wat die nuus sê of die land is besig om leeg te loop!
© Janette Jan 2009


Ek dink die munisipaliteit moet twee trokke per week uitstuur.
Waarvoor?
Een vir die vullis soos gewoonlik.
En die ander een?
Om alles te kom haal wat ons gekoop het en nooit gebruik nie!
© Janette Feb 2009


Het jy al jou April vakansie beplan?
Ja, ek ruil huise met my bure.
Jou bure?
Ja, ons wil albei bietjie uitkom maar ons het nie geld nie.
© Janette Mrt 2009


Hoekom begin iemand 'n skuld-konsultasie besigheid om mense te help wat in skuld is?
Wel, hulle kan nie met geld werk nie en het hulp nodig.
Juis, hulle skuld al die hele wêreld geld, en nou wil jy hulle ook 'n fooi hef?
© Janette Mei 2009



In die goeie ou dae as iemand jou buurman se kar kom wegsleep het, het jy geweet die kar is stukkend.
En nou?
Nou wonder jy maar of dit gesteel is, gesteel word, of in herbesit geneem word.
© Janette Mei 2009



As iets op uitverkoping is moet ek dit koop. Ek spaar soveel geld.
Jy sou meer spaar as dit nie op uitverkoping was nie.
Nee, as ek iets vir R100 op 'n 50% uitverkoping koop dan spaar ek 'n hele R50.
Maar as dit nie op uitverkoping was nie en jy het dit nie gekoop nie, dan sou jy 'n hele R100 gespaar het.
© Janette Nov 2008


Het jy gehoor die tannie in die hof wat wil skei het R9000 nodig vir kruideniersware en R5000 vir petrol.
Klink so 'n bietjie belaglik.
Ja, toe kom dit uit niemand het haar glo gesê sy kan meer as een ding op 'n slag koop nie.
Hoe werk dit?
© Janette Okt 2009

Vervolg...


Nou moet sy elke keer ry vir net een tamatie of een komkommer, dis hoekom sy nie kan werk nie – dit neem haar die hele dag om alles te koop.
Dit verduidelik die petrol maar die R9 000?
O ja, dit is om elke keer vir die plastiese sakkie te betaal.
© Janette Okt 2009


Daar is iets wat ek nie verstaan nie.
Wat?
Hoekom kos 'n truitjie vir 'n hondjie R80 by 'n dierewinkel en 'n truitjie vir 'n baba minder as R20 by Pep Stores?
© Janette Mei 2009


Vanoggend het die poskantoor lang toue gehad en Pick 'n Pay en Woolies het geen gehad nie.
Werklik?
Ja, die mense het seker eers gaan kyk of die feetjies vir hulle geld in die pos gestuur het voordat hulle kan gaan inkopies doen.
© Janette Aug 2009



Dink jy in moderne tye glo mense nog daar is 'n pot vol goud aan die einde van die reënboog?
Nee.
Hulle glo dit is aan die einde van 'n lotto kaartjie.
© Janette Mrt 2009


Ek dink ons moet 'n nuwe lotto begin vir dié van ons wat ons huise probeer verkoop.
Hoe?
Verkoop aan 'n miljoen mense 'n lotto kaartjie vir R1 of R2 elk afhangende van die huis.
En dan?
En dan trek jy die kaartjie, en wie ook al wen kry die huis en die verkoper kry die geld en kan uiteindelik trek!
© Janette Mei 2009



Mense het nogal lui geword.
Hoe so?
In die ou dae het hulle kaarte gevolg en vir skatte gaan grawe.
En nou?
Nou gooi hulle kleingeld in 'n blikmasjien en verwag die skat gaan daaruit val.
© Janette Mrt 2009



Wat is beter – om jou geld te mors op goed soos klere en ornamente of om te dobbel?
Seker maar goed, want dan het jy altyd iets om te wys.
Ek dink dobbel is beter want dan koop jy die "hoop" dat jy ryk gaan word en daarna het jy nie 'n klomp oortollige goed nie.
Ja maar in meeste gevalle ook geen oortollige geld nie.
CASHIER
Vergeet oortollige geld, meestal het jy hoegenaamd geen geld oor nie!
© Janette Mrt 2009



So het jy ook na 'n groot saamtrek gegaan?
Nee, ek het geld gespaar en my eie onttrek gehou.
Ja, dis glo deesdae ook baie populêr.
© Janette Apr 2009



Wie bel jy nou? Ek dog ons gaan inkopies doen.
Ja, ek bel al my maatjies om te kom help.
Met wat?
My kar stoot. Ek het nie geld vir petrol nie!
© Janette Jul 2011


Jy was lank stil.
Ja ek was op 'n staking vir meer geld.
Maar daar is niemand om jou te betaal nie.
O! Dit verduidelik seker hoekom my staking nie gewerk het nie.
© Janette Jul 2009



Wat dink jy van al hierdie stakings vir meer geld?
Waarom nie?
Dit werk nie.
© Janette Aug 2009
Want dan verhoog die besighede hulle pryse om die nuwe lone te kan bekostig en dan kry die werkers 12% meer maar alles is nou 14% duurder.



Wil jy saamkom?
Waarheen?
Kimberley.
Om wat daar te maak?
Nee hulle sê ons ekonomie het geval so ek wil sien of dit al onder in Kimberley se gat lê.
© Janette Mei 2009


Hulle het toe uitgevind wie al die onskuldige politikusse valslik van korrupsie beskuldig.
Die ander politikusse natuurlik.
Nee, toe nie.
Wie was dit dan?
Dit was toe al die tyd die prokureurs en advokate wat stilweg aantygings maak sodat hulle die werk en geld kan kry!
© Janette Okt 2009


Weet jy wat ek gladnie verstaan nie.
Wat is dit?
Hoekom moet al die petrolstasies presies dieselfde bedrag vra vir petrol ...
maar as die selfoonmaatskappye dieselfde prys vra vir oproepe dan is dit 'n saamsmelting en hulle moet gestraf word.
© Janette Okt 2009


Ek dink ons sal die Zimbabwiërs en ander mense van Afrika hier moet laat kom woon.
Baie van hulle woon reeds hier.
Nee ek bedoel wettiglik.
Waarom?
© Janette Jan 2009
Sodat iemand al die huise wat ons probeer verkoop kan koop.



Weet jy wat maak geen sin nie?
Sekere sangers, rugby spelers en politikusse?
Behalwe nou dit.
© Janette Nov 2009
Sê maar.
Hoekom brand mense die bietjie wat hulle het af uit protes uit dat hulle nie genoeg het nie?


Ek hoor die koerante sukkel verskriklik.
Ja, ek het vir hulle 'n slim plan hoe hulle weer geld kan maak.
Hoe?
Verkoop elke koerant met 'n opkikker pilletjie saam sodat mense nie so depressief raak as hulle die nuus lees nie.
© Janette Mei 2009



Het jy gehoor die Eskom baas het 'n 27% salaris verhoging gekry. Dis seker hoekom ons so baie moet betaal vir elektrisiteit.
Volgende jaar gaan elektrisiteit so duur wees dat net die ryk mense dit sal kan bekostig.
Nee dit is eintlik 'n slinkse plan om almal weer gesond en fiks te kry.
© Janette Sep 2009

**Vervolg...**


Wat?
Hoe?
Niemand sal dit meer kan bekostig nie.
Dis word ons almal geforseer om wieletjies te kry soos die Hamsters en dan elke dag vir 'n uur of twee daarin hardloop om genoeg krag op te wek vir die dag.
© Janette Sep 2009



Het jy al besluit vir wie jy gaan stem?
Ja, vir die Paashasie.
Ek het bedoel vir watter politieke party.
Ja, ek ook. Hy is perfek. Hy't wit eiers, swart eiers en bont eiers en almal hou van hom. Hy behoort ons nuwe president te word.
© Janette Mrt 2009


As hulle nou klaar al die stemme getel het hoop ek hulle stuur die gebruikte stembriefies aan Eskom.
Eskom? Wat moet hulle daarmee doen?
Dit gebruik om hulle vure mee te stook – ons wil hierdie winter asb. krag hê.
Dit is jammer ons kan nie al die twak wat die ouens vooraf gepraat het aan Eskom stuur nie.
Ja, dit sou permanent ons krag probleme oplos.
© Janette Apr 2009


So die ANC het weer gewen.
Het hulle? Sjoe, dis 'n verassing!
Jy speel seker?
Ja, ek wou net een maal in die hele SA geskiedenis maak asof ons nie vooraf presies weet wie gaan wen nie.
© Janette Apr 2009



Ek het in die nuus gesien Jacob Zuma wil 'n telefoon insit waar mense politikusse kan rapporteer wat nie hulle werk doen nie.
Slim plan.
Sou dit nie makliker wees om net die paar te rapporteer wat wel iets doen nie?
© Janette Apr 2009



In die nuus vandag, politikusse sê mekaar sleg.
Ja dit is goed dat hulle so baie oor mekaar te sê het.
Waarom? Verseker dit dat ons politikusse op hulle tone bly?
Nee, dit gee ten minste ons joernaliste iets om oor te skryf behalwe misdaad!
© Janette Jul 2009


Daar is nog 'n ding wat ek nie verstaan nie.
Wat is dit?
Die nuus bly sê almal sukkel en het skuld en die ekonomie is swak.
Ja, en?
Nou waarom is al die toue in die winkels om te betaal nog steeds net so lank soos altyd?
© Janette Jan 2009


Ek dink ek moet 'n politikus word en by die ANC aansluit.
Waarom? Wil jy 'n verskil maak en Suid-Afrika regruk?
Nee, nie juis nie.
Nou wat dan?
Ek wil ook 'n splinternuwe, peperduur kar hê.
© Janette Nov 2009


Ek soek werk.
Is die strokies nie gewerk genoeg nie?
Nee dit is baie werk met geen geld nie. Ek soek baie geld met geen werk nie.
Jammer, maar ek dink al ons politieke poste is op die oomblik gevul.
© Janette Jan 2010



Ek is mal oor rillers en geweldadige flieks. Waarna kyk julle?
Ek verkies komedies.
En jy Oom Uil?
Ek kyk elke aand na die nuus.
© Janette Apr 2008
Nooit, dit maak my heeltemal te bang.
Ja, vêr te geweldadig vir my.



Ek het bewys dat die doodstraf nie werk nie.
Hoe het jy dit bewys?
Elke vlieg wat my huis invlieg kry die doodstraf en dan los ek hom daar vir die ander om te sien en te leer.
En?
Dit werk nie. Hulle bly kom.
© Janette Jan 2009



My tak van die poskantoor is baie goed. Ek kry al my pakkies.
Dis gaaf.
Ja nou weet ek nie of ek die tak se naam moet gee nie en sê baie dankie vir die goeie diens ek is trots op julle.
En of ek eerder moet stilbly voor ek die diewe nuwe idees gee.
© Janette Jun 2008


Dit sal nogal 'n interessante maatstaf wees vir 'n skrywer.
Wat?
As jou boek nie deur die poskantoor gesteel word nie is jy nog nie beroemd of populêr nie.
Waarom publiseer jy nie jou strokies nie, dan kan jy uitvind?
Nooit! Netnou steel niemand dit nie.
© Janette Jun 2008


Dink jy die opmarste vir vrede help?
Nee.
Waarom nie? Dit skep dan bewustheid.
Presies. As jy teen dié tyd nog nie daarvan bewus is dat misdaad en geweld in hierdie land hand uit geruk het nie, is daar werklik nie hoop vir jou nie.
© Janette Jun 2008


Almal besef daar is te veel misdaad, nè?
Reg.
Maar die opmarste en petisies verander niks aan die saak nie.
Reg.
Nou wat moet ons dan doen?
Miskien sal ons Robbeneiland toe moet trek en die vasteland vir die kriminele los.
© Janette Jun 2008



Ons moet doen wat die Franse doen wanneer hulle ongelukkig voel oor 'n saak.
Wat doen hulle?
Hou stakings, blokkeer die paaie. Veg net terug.
Met ander woorde jy wil misdaad en geweld bekamp deur gewelddadig op te tree?
© Janette Jun 2008



Die joernaliste rapporteer net slegte nuus.
Ja, dit maak almal pessimisties en negatief.
Ons moet weet wat aangaan. Wil julle dan onkundig bly?
© Janette Apr 2008
Ja, dit sal die kriminele minder idees gee!
Ja, onkunde is salig.


Dinge is nie goed in hierdie land nie.
Dit kon erger gewees het.
Hoe? Met al die misdaad en nou geen krag nie. Wat kan erger wees?
Ons kon in Zimbabwe gebly het.
© Janette Apr 2008



Almal kla oor die misdaad en die geweld.
Wel die kla help nie eintlik nie.
Ja, daar is te min polisie, te min tronke en te veel kriminele.
© Janette Aug 2008


Vervolg...



Ek het 'n plan. Elke keer as iemand daaroor kla moet hulle R10 betaal aan die hou-op-met-misdaad-fonds.
En dan?
Na 'n jaar sal ons soveel geld in daardie fonds hê dat ons nog tronke kan bou en polisiemanne aanstel.
© Janette Aug 2008


Wat maak jy?
Ek versamel skerpioene.
Waarvoor?
Die goewerment het die "Scorpions" ontbind nou kan hulle nie meer misdaad bekamp nie. Nou kry ek maar my eie skerpioene vir beskerming.
© Janette Jan 2009



Ek dink ons het so baie kriminele in Afrika omdat ons so baie muskiete het.
Wat het die twee met mekaar te maak?
Hulle leer van mekaar. Doen wat jy wil maar hulle sal die geringste onbewaakte plek vind!
© Janette Mrt 2009


Hulle bly JHB se lughawe verander.
Ja, dit is 'n veiligheids-maatreël.
Hoe so?
Die inwoners is net so verlore en verdwaal soos die besoekers. Nou weet die kriminele nie meer wie om te agtervolg nie.
© Janette Mrt 2009



Hierdie ou het my gebel en gesê hy't per ongeluk R60 000 in my rekening inbetaal en kan ek hom asb. terugbetaal.
En toe?
Toe sê ek vir hom ja, hy moet my net agter die boom ontmoet dan gee ek dit terug in kontant.
Maar dit is 'n slenter! Dit is gewoonlik 'n gesteelde tjek al sê hulle dit was elektronies betaal.
Ek weet – dis dié dat ek dit vir hom terug gegee het in Monopoly geld.
© Janette Aug 2009



Die volgende krisis is glo dat daar te veel mense wêreldwyd in tronke is.
Ek stem saam. Dis nie lekker om 5 slotte en diefwering op al my vensters te hê nie.
Nee man, hulle bedoel nie die Suid-Afrikaanse bevolking nie, hulle bedoel kriminele.
© Janette Okt 2009

**Vervolg...**



Werklik? Word kriminele in ander lande gevang en in tronke gestop?
Ja natuurlik.
Dis nou slim! Ons moet dit tog 'n slag hier probeer.
© Janette Okt 2009



Alweer 'n aanval. Wat is dit tog met terroriste en vliegtuie?
Ja, mense sal in die vervolg poedelnakend in een vliegtuig moet vlieg terwyl hulle bagasie in 'n ander vliegtuig vervoer word.
Dan sal die passasiers beslis meer bid.
Dat hulle veilig land?
Nee, dat hulle bagasie by dieselfde lughawe as hulle opdaag!
© Janette Jan 2010


Hoe weet jy dat misdaad nou heeltemal oormatig is in Suid-Afrika?
Jy lees of kyk die nuus.
Nee, wanneer mense eers moet bewys dat hulle nie self hulle eie goed of geld gesteel het nie voordat hulle 'n eis mag indien.
© Janette Nov 2009


Het julle gehoor ou oom Piet is oorlede.
Le Café
Is hy vermoor?
Was dit 'n motorongeluk?
Le Café
© Janette Apr 2008
Nee, hy was 93. Dit was maar net die ouderdom.
Klink amper onmoontlik.
Le Café
Sterf mense nog aan hoë ouderdom hier?


Ek dink ons moet 'n nuwe ondersteuningsgroep begin vir sportsterre se vrouens.
Waarmee wil jy hulle onder-steun?
Hoe om jou man, sy talle buite eglike verhoudings en die media te verwerk.
Ja, en dan vir Lorena Bobbitt nooi as 'n gasspreker, sy sal vir hulle 'n toertjie of twee kan wys.
© Janette Des 2009


Ek moet 'n nuwe wekker loop soek.
Werk joune nie meer nie?
Nee, die ding lui net hard in die oggend.
Klink soos 'n goeie wekker.
Nee, dit is hoekom ek 'n nuwe een moet kry. Ek soek een wat óf vir my koffie bring óf my uit die bed optel en in die stort neersit.
© Janette Okt 2008


Het jy na die sonsverduistering gekyk?
Nee, dit is niks nuut nie, ek weet nie waaroor die bohaai is nie.
Dit gebeur nie dikwels nie.
Wat wou, dit gebeur dan elke aand!
© Janette Jan 2009


Oefen jy?
Nee, ek speel maar net vir die pret.
Waarom dan?
Dit is my stokperdjie.
O, my stokperdjie is verf.
© Janette Aug 2008


**Vervolg...**


Ek hou weer van lees.
Sommige mense het geen stokperdjies nie.
En ander verstaan nie die konsep so lekker nie.
Wat bedoel jy?
Hulle stokperdjie is om die heeltyd net oor alles te kla.
© Janette Aug 2008



In die nuus – wetenskaplikes het ontdek dat 'n mens sonder gevaar reënwater mag drink selfs al word dit nie in 'n plastiese botteltjie verkoop nie.
Werklik? Wie was nou so onnosel om 'n wetenskaplike geld te gee om dít te gaan ondersoek?
'n Universiteit in Australië.
Dit verduidelik baie ... besef hulle dat dit al is wat wilde diere te drinke kry en hulle is almal perdfris en gesond?
© Janette Nov 2009


Nee, gaan weg.
Wat op aarde is fout?
Ek wil nie vark griep kry nie!
Nee toemaar net die mense kry dit en hulle kry dit van mekaar af.
Wat?!
© Janette Jul 2009


Die wetenskaplikes het glo ontdek dat almal lag, selfs diere.
Hulle vertel as hulle diere of mense kielie maak hulle hierdie laggeluide.
Hoe?
O ja, en dan gaan hulle volgende ontdekking wees dat die sogenaamde laggeluide eintlik beteken – haai los my uit jou idioot!
© Janette Jun 2009


Wat dra jy?
'n Kleed. Ek het die patroon by Nataniël afgekyk.
Dit lyk so snaaks.
Ja wat, as my strokies nie so snaaks so hy is nie, kan ek ten minste net so snaaks aantrek.
© Janette Mrt 2009


Ek wou ’n mode ontwerper word maar ek is nie sadisties genoeg nie.
Sadisties?
Ja, het jy al ooit hoëhakskoene van naderby bekyk?
© Janette Mrt 2009


Het jy geweet witmense is net soos verkleurmannetjies?
Hoe?
Plaas hulle in die son dan word hulle rooi dan bruin en daarna vervel hulle.
© Janette Mrt 2009


Ek wil 'n bietjie uit die stad kom. Gaan vakansie hou of so iets.
Wil jy in 'n hotel gaan bly?
Nee, ek wil wegkom van die beskawing nader aan die natuur.
© Janette Mei 2008

Vervolg...


Ek het vir jou 'n goeie idee; ruil plekke met iemand wat in 'n plakkerskamp bly.
Ja, hulle woon baie na aan die natuur sonder enige fieterjasies.
En hulle sal dol wees oor jou huis en geriewe!
© Janette Mei 2008


Ek gaan sonder klere vir 'n tydskrif poseer, poedelnakend.
Maar jy dra nooit klere nie.
Dit is baie stout!
Ek weet, tog klink dit so waaghalsig as ek dit sê.
Pasop, netnou dink mense die strokies is stout en dan word hulle onder sensuur geplaas.
© Janette Nov 2008


Dis weer die tyd van die jaar wanneer almal verhogings gaan kry.
Werklik? Het die ekonomie so baie verbeter?
Nee, die einde van die jaar partytjie, 'n dronk baas en 'n paar selfoon foto's kan wondere verrig vir jou loopbaan.
© Janette Des 2009


Gaan jy na Kersliedere by Kerslig kyk hierdie jaar?
Nee wat.
Waarom nie, dit is dan so mooi?
Danksy Eskom en die kabeldiewe het ek heeltemal genoeg Kerslig gesien hierdie jaar.
© Janette Des 2009


Het jy al jou Kersgeskenke gekoop?
Nee, hierdie jaar gaan ek net hoop in boksies sit en toedraai.
Hoop?
Ja, ek hoop ek het volgende jaar genoeg geld vir geskenke want ek het nie hierdie jaar nie.
© Janette Des 2009

# Die Einde

**Nog?**

**www.ontwaak.co.za**

Die drie hoofkarakters is oorspronklik deur Janette van der Vyver geskep en geteken alhoewel elemente vanaf die onderstaande verskaffers gebruik is.

Die agtergrond prentjies is geskep deur Janette van der Vyver deur gebruik te maak vanaf prentjies en elemente wat geskep is deur die onderstaande verskaffers. In sommige gevalle is die agtergrond in sy geheel geskep deur hierdie mense.

- Algemene Verkopers by Content Paradise (www.contentparadise.com) onder andere die volgende:
    - Animation Catalyst / Paola SC
    - Cartoon Solutions
    - Cartoon Learning / Eric Moore
    - DK Toons (Woud op buiteblad is geskep deur DK Toons)
    - E-frontier inc
    - GhostNerd
    - Kano
    - New Eden
    - Pose Motion / Joe Baker
    - Rudiger / Parker
    - Toonprops
    - Vidhoss
    - WRS Art Designs / Wendy R. Sheredy
    - Winnetoons
    - Daar mag ander wees wat ek perongeluk nie genoem het nie, jammer daaroor.
- IClipart (www.iclipart.com)
- Serif Page Plus Gallery
- Smith Micro Software Inc / Anime Studio Pro 8